

# PULA IMVULA

>> GROWING FOOD >> GROWING PEOPLE >> GROWING PROSPERITY >>



JANUARIE  
2015

## Tuis geproduseerde mielies – tuis geproduseerde gesondheid



Die mielieplant is nuttig in elke fase van sy lewensiklus.

**A**l die tekens wys op die oomblik na oorproduksie van mielies, wêreldwyd en plaaslik. Dit beteken dat die vooruitsigte om goeie pryse vir jou mielie-oes oor die korttermyn te kry, nie baie hoopvol is nie.

Daar is egter nog baie redes om positief te wees oor die produksie van mielies, veral vir eie gebruik in die huishouding en op die plaas. Dit is veral die kleinboer wat beheer oor sy oorhoofse koste het en in staat is om dit op die minimum te hou, wat baie voordele het bo die groter boerderye wie se winsgrense deur hoë oorhoofse uitgawes bedreig word.

Die waarde wat opgesluit is in een mielieplant is werklik uitsonderlik en die aanplant en versorging van jou eie mielies het baie voordele.

### Vars groenmielies

Die waarde van die produksie van mielies vir eie gebruik begin vanaf die oomblik dat daar voed-same groenkoppe met uitgeswelde sagte pitte binne die blaarkoppe, ryp en gereed is om 'n pot vol vir die familie te kook. 'n Groen mieliekop bruis van voedsame vesel en energie. In werklikheid is groenmielies selfs meer voedsaam as mieliemeel en stampielieprodukte, omdat die vesel en kiem normaalweg gedurende die maalproses verwyder word.

Mielies of suikermielies wat vars geëet word, is 'n voedingsreus gepak met antioksidante en vesel. Voedingskundiges glo dat hoë kaliumvlakke by mielies voordelig is vir die verlagings van bloeddruk en die antioksidante is nuttig vir die bou van gesonde selle en veral goed is vir die oë. Die

Graan SA tydskrif vir ontwikkelende boere

Lees Binne:

- 05 | Nuwejaarsboodskap  
SIEN UIT NA 2015
- 08 | Voorkoming en beheer  
van sojaboonroes
- 10 | Verseker finansiële welstand



3





## OUMA JANE SÊ...

Ons is in die Nuwe Jaar en ek wens julle almal 'n wonderlike jaar toe! Mag die jaar jou beloon vir jou moeite.

Soms probeer ek verstaan hoekom daar so baie mense is wat nie verantwoordelikheid neem vir hulle lewe en die besluite wat hulle neem nie. Mense wat die houding het dat iemand hulle iets skuld – dat die regering hulle skenkings, insette vir hulle gewasse, vervoer en baie ander dinge moet gee. Wanneer ek probeer om te verstaan waar hierdie houding van aanspraak maak op dinge vandaan kom, stel ek myself voor hoe dit lank, lank gelede moes gewees het...

As 'n eenvoudige voorbeeld vir die doel van hierdie bespreking – voordat daar industrie en 'n geldsisteem (kontant) was, het mense van die grond geleef en het alles wat hulle nodig gehad het op die grond waarop hulle gewerk en gewoon het, geproduseer. Sommige mense het melk geproduseer, ander vleis, ander graan, ander groente en sommige het selfs klere uit landbouprodukte geskep. Indien jy iets wou hê wat iemand anders gehad het, moes jy hulle iets bied wat hulle wou hê – miskien kon jy hulle groente gee en hulle kon jou 'n hoender in ruil gee. Julle sou een of ander ooreenkoms bereik het en wat julle ruil, sou dieselfde waarde moes hê. Indien jy niks gehad het om aan te bied nie, kon jy niks verag nie.

Vandag lyk dit asof dit anders is – selfs as jy niks het om aan te bied nie, verwag jy steeds iets. Is dit dalk waar alles verkeerd gegaan het? Om iets te kry, moet jy iets gee! Om ons sisteme weer in werking en ons grond produktief te kry, moet ons miskien teruggaan na die basiese dinge toe – jy moet gee as jy iets wil ontvang.

Ek is so trots op al die boere wat hierdie jaar iets geplant het – dit maak nie saak of jy 1 ha of 100 ha geplant het nie – jy het probeer en jy sal iets hê om te gee (graan) sodat jy iets kan kry (geld) – dit is hoe ware ekonomie werk. Jy is deel daarvan om Suid-Afrika 'n suksesvolle land te maak. Indien almal wat toegang tot grond het, 'n gewas op daardie grond geplant het, sou ons huis-houdelike en nasionale voedselsekureitheid gehad het en sou ons 'n trotse nasie gewees het. Daar is te veel mense daar buite wat nie 'n poging aanwend nie – kom ons maak dit ons doelwit hierdie jaar – ELKE STUKKIE GROND MOET PRODUSEER EN ELKE PERSOON MOET BYDRA OM SUID-AFRIKA PRODUKTIEF TE MAAK. 🍀

# Kommunale boerdery – agteruitgang van natuurlike veld

'n Vorige artikel oor Bees Trichomoniasis beklemtoon die probleme wat ondervind word deur kommunale boere, wat veroorsaak word deur 'n gebrek aan behoorlike beplanning van boerdery en die gebrek aan kampe vir behoorlike weidingsrotasie.

Die probleem is veel erger vir die gevolge van die welsyn van natuurlike hulpbronne, veral die agteruitgang van natuurlike weiding en die samestelling van natuurlike veld.

Voorbeelde van "goeie" en "slegte" grasse is Themedatriandra ("rooigras") en Eragrostiplana ("Taaipol").

Veld wat in 'n gesonde toestand is, vertoon 'n rooi kleur gedurende hoë somer, as gevolg van die oorfloedige teenwoordigheid van "Themedain".

"Taaipol" aan die ander kant, is slegs smaaklik op 'n baie jong ouderdom en raak baie taai later in die seisoen wanneer dit nie deur diere gevreet word nie, terwyl die meer smaaklike spesies dan oorbeweid word, sodat "Taaipol" oorneem. Beskadigde veld soos hierdie vertoon 'n baie wit kleur in die winter na die eerste ryp.

Wat gebeur op kommunale plase, is dat alle areas voortdurend beweid word gedurende die somer en geen rus vir 'n gedeelte van die plaas toegelaat word nie. Vee wei gewoonlik gedurende die winter op oesreste en wilde brande verteer al die ruvoer op die veld voor die eerste reën. Beeste word dan toegelaat om terug te gaan veld toe so gou as 'n paar groen grassies sigbaar is. Hierdie praktyk rig verdere skade aan

die jong smaaklike spesies aan en versnel agteruitgang.

Eerstige aandag aan die verbetering van veldbestuur is nodig, sowel as programme om die agteruitgang van veldsamestelling om te keer en hierdie waardevolle natuurlike hulpbronne te verbeter.

Die beginsels van bewaringsboerdery op natuurlike veld is as volg:

- In die oostelike deel van Suid-Afrika met 'n reënval van >500 mm per jaar, is die drakrag van veld rofweg 4 ha/GVE (groot-vee-eenheid).
- Hierdie 4 ha bied genoeg ruvoer vir een koei of bul vir die hele jaar.
- Die helfte van die gebied rus dus vir die hele somer om gedurende die winter benut te word en moet een GVE deurvat tot in die somer.
- Benutting in die winter of somer word dan om die helfte geroteer om die ander helfte van die plaas te laat rus vir die hele somer.
- Dit verseker dat genoeg saad geproduseer word en dat daar genoeg voedings-towwe getranslokeer word na die wortels in die herfs, om sterk uitloop gedurende die lente te verseker.
- Die stelsel verseker dat die meer smaaklike grassoorte nie oorbenut word en dat onsmaklike spesies oorneem nie. 🍀

**Artikel verskaf deur Naas Gouws, Provinsiale Koördineerder, Belfast, Mpumalanga. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na [naas@grainsa.co.za](mailto:naas@grainsa.co.za).**







## 1 Tuis geproduseerde mielies – tuis geproduseerde gesondheid



**Boere raak kreatief met die wyses waarop hulle mielies stoor.**

vesel in mielies is goed vir die bevordering van 'n gesonde spysverteringstelsel proses en die wyderying van gifstowwe uit die liggaam. Mielies het 'n goeie veselinhoud, voorsien baie B-kompleks vitamienes soos vitamienes B1, B5 en foliensuur en het 'n noemenswaardige proteïeninhoud (ongeveer 5 - 6 gram per koppie). Mielies is ook 'n voedselsoort wat goeie bloedsuikervoordele voorsien.

### Wonderlike mieliemeel

Die grootste gedeelte van die mielie-oes sal natuurlik geoes word sodra dit droog is en gereed om gestoor te word, of gemaal word vir mieliemeel, of gebruik word as veevoer soos en wanneer nodig. Die voordeel daarvan om stoorplek vir jou eie mielies te hê, beteken dat daar veilige voedselvoorsiening is vir die huishouding en al die plaasdiere regdeur die jaar wat voorlê. Mieliemeel is ook hoogs voedsaam en het talle voordele. Dit is ryk aan koolhidrate en verskaf energie wat stadig in die bloedstroom vrygestel word en help jou om energiek te laat die hele dag lank. Mieliemeel is ook 'n ryk bron van yster, veral wanneer dit nie gesif word nie. Dit is 'n groot jammerte dat die moderne keuse dié van witter, fyner gesifte mieliemeelprodukte is, omdat die proses beteken dat baie van die voordelige kiem, wat yster bevat, verwyder is. Mieliemeel is ook proteïenryk en bevat hoë

kalorieë. Dit is in wese 'n lae-vet, geen-cholesterol maaltyd wat goed is vir die bou van gesonde selle, gesonde metabolisme bevorder en goed is vir die niere, spiere en hartfunksies, sowel as gesonde bene en senuwees. Dit help ook om vlakke van moegheid en bloeddruk te verlaag.

### Mielies as veevoer

Mielies, die wonderwerkplant, is natuurlik 'n waardevolle rou materiaal wat gebruik kan word in baie verskillende vorms om diere en pluimvee te voed.

### Tuithoop mielies (stooks)

Tuithoop mielies, in Suid-Afrika bekend as mielie "stooks", word gemaak terwyl die mielieplant nog vars en groen is, met die volledige koppe op die stingels. Die stingels word afgesny net sodra die stronk begin afsterf en die pitte mooi en ferm is. Hulle word dan in die land opgestapel in regop bondels en gelos om af te droog. Die plant droog terwyl hy groen is, is meer voedsaam en is ook meer smaaklik.

### Kuilvoer

Kuilvoer is 'n ekonomiese, hoogs voedsame voer vir beeste. Baie min bederf kom by goeie kuilvoer voor, selfs oor baie maande. Die sleutel tot die lewensduur van kuilvoer lê in die

stoor daarvan en al die lug, reën, insekte en knaagdiere moet uit die kuilvoer gehou word. Lug moedig die ontwikkeling van muf aan en reën sal suur uit die kuilvoer loog en bederf veroorsaak. Dit is belangrik om kuilvoer op die regte tyd te maak, want indien gewasse te vroeg in kuilvoer omskep word, bevat hulle te veel vog wat die voer te suur sal maak en glad nie smaaklik sal wees nie. Die voedingswaarde sal ook ingeboet word indien die mielies nie toegelaat word om hulle volle voedsame potensiaal te bereik nie. 'n Riglyn vir die beste tyd om mielies vir kuilvoer te oes, is sodra die meeste van die pitte ingedruk het en voor te veel blare afgedroog het.

### Mieliereste

'n Nuttige voordeel daarvan om jou eie mielies te produseer, is uiteraard die reste wat op die land gelaat word na oes. Mieliereste is 'n goeie bron van wintervoer en wanneer dit aangevul word met proteïene, vitamienes en minerale, is dit 'n baie nuttige bron van voer vir vee deur die winter en lente tot die nuwe reënseisoen. Die grootste voordeel is dat dit 'n gereed beskikbare, lae koste veevoer is wat gevoer kan word op die land. Soms baal boere oortollige reste om óf vir hul eie diere te voer, óf te verkoop vir ekstra kontantinkomste.

### Grondgesondheid

Bewaringsboere verkies deesdae om geen-bewerking te beoefen, omdat die mieliesstingels waarde toevoeg as 'n deklaag en help bou aan organiese materiaal en die gesondheid van die grond.

Nie net is die voordeel van mielies waardevol in ons daaglikse dieet van babas tot bejaardes nie, maar dit is duidelik dat die ongelooflike mielieplant nuttig is in elke vorm van sy, tot die waarde van die kaal kop wat gebruik kan word as brandstof vir vuur of gelaat kan word as deklaag. En ons het selfs nog nie gepraat oor die veelsydigheid en waarde van die graan self as voer vir diere en pluimvee nie. Mielies kan in die dieet van alle diere en pluimvee as 'n nuttige bron van energie opgeneem word. As ons ons eie mielies produseer en op elke moontlike manier benut tydens die lewensiklus, produseer ons gesondheid en energie vir ons families, ons vee en pluimvee en ons grond. Wat kan beter as dit wees? 🍷

**Artikel verskaf deur Jenny Mathews, Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na [jenjonmat@gmail.com](mailto:jenjonmat@gmail.com).**

# Chemiese onkruidbeheer by mielies



'n Onkruidspuit wat gebruik word vir chemiese onkruidbeheer.



Die kalibrasie van 'n onkruidspuit is baie belangrik om die korrekte dosis chemikalieë wat toegedien word, te verseker.



Meganiese onkruidbeheer.

Die bestuur van onkruid by mielies, soos by ander somergewasse, vereis baie goeie beplanning en 'n begrip van die spesifieke onkruidprobleme in jou land op jou plaas. Die oplossing om onkruid by mielies te beheer, vereis 'n geïntegreerde benadering met behulp van die voordele van 'n algehele grondbewerkingstelsel strategie wat beide meganiese verbouing en chemiese beheermetodes insluit.

## Bewerking

'n Boer moet sy bewerkingstelsel oorweeg en evalueer om sy gewas in staat te stel om die beste kans te hê om te kompeteer. Voordat jy doeltreffende chemiese onkruidbeheer kan toepas, is ander aspekte van bewerkingspraktyke soos behoorlike saadbedvoorbereiding, plantdatum, grondvrugbaarheid en bemesting, wisselbou, ryspasiëring, saaidigtheid en kultivarseleksie belangrike faktore wat korrek uitgevoer moet word.

## Meganiese onkruidbeheer

In die verlede het 'n volledige meganiese onkruidbeheerstelsel ploeg, dis en dieptandbewerking verskeie kere voor plant, ingesluit. Primêre en sekondêre bewerking kan die tempo en verspreiding van sekere meerjarige en eenjarige onkruid verminder.

Die gebruik van diere gedurende die winter rusperiode sal ook 'n invloed op die intensiteit en verspreiding van ongewenste onkruidtipes hê. Die beheer van onkruid na plant kan gebruik maak van rolkapploeë, rybewerking en handskoffel.

Die meeste boere het wegbeweeg van 'n volledige meganiese benadering, omdat die koste van byvoorbeeld diesel, trekker en implement herstelwerk en arbeid, so hoog geword het dat ander alternatiewe gesoek moet word.

Slegs diegene met die moed om te verander sal oorleef.

## Wat is die beste stelsel om van te kies?

Die keuse vir 'n geïntegreerde stelsel sal verskil van elke boer se situasie met betrekking tot sy

ontwikkelings stadium as 'n boer, sy finansiële hulpbronne en die vlak van belegging in ouer of die nuutste trekkers en implemente. Die area wat gedurende een seisoen gedek moet word, sal ook die effektiwiteit van die verskillende metodes wat gebruik word, bepaal.

Indien meganiese bewerking verminder word, kan alternatiewe metodes soos bewaringsbewerking of geen-bewerking met verloop van tyd geïnkorporeer word. Dit is nie raadsaam om te probeer om huidige verbouingspraktyke in 'n te kort tyd te verander nie, omdat waardevolle lesse gedurende die vroeë proeftydperke van nuwe metodes geleer word.

## Chemiese beheer

Om sake te bemoelilik, moet die metodes wat jy oorweeg, die besluit insluit oor die gebruik van 'n chemiese beheerstelsel wat beplan word met die aanplant van normale mieliekultivars, of glifosaat gebaseerde chemikalieë met die gebruik van onkruidodder bestande kultivars.

Die korrekte onkruidodder wat in die een of ander stelsel gebruik gaan word, kan dan bepaal word. Wees bewus van die koste verbonde aan beide stelsels, sodat die voordele of nadele van die een teenoor die ander krities ondersoek kan word.

Begin met die keuse van onkruidodders deur te weet watter onkruid potensiële probleme sal gee. By monokultuurmielies sal jy dalk weerstand teen die vorige onkruidodders waarneem. Jy kan dit net monitor met gereelde besoeke aan die land deur die jaar en die nagaan van die onkruidsoorte wat op verskillende tye groei. Weerstand kan gebeur by beide van die spuitprogramme vir normale of onkruidodder bestande kultivars.

Dit is uiters belangrik om te spuit teen die dosisse wat aanbeveel word deur jou chemiese konsultant. Dit is feitlik onmoontlik om tred te hou van watter onkruidodderkombinasies wat beskikbaar is, ideaal sal wees vir jou boerderysituasie.

Die wisselboustelsel wat jy gebruik, sal ook die toepaslikheid van die chemikalieë wat gebruik word

in die huidige oes, bepaal. Atrasien of simasien, of verwante produkte wat gebruik word in vanjaar se program, kan groente en kleingraan, insluitend koring, hawer en tritcale wat geplant word as kontantgewasse of groenvoer vir jou vee, beskadig. Wees baie versigtig met die onkruidodderkeuses wat jy maak en vermy die gebruik van onkruidodders met dieselfde klas jaar na jaar. Indien 'n spesifieke program vir te lank gebruik word, ontstaan 'n toestand wat bekend staan as 'n onkruidverskuiwing. Dit is 'n verskuiwing of verandering in die hoeveelheid en die tipe onkruid wat op individuele plase en in sommige gevalle totale boerderydistrikte plaasvind.

## Voor-opkoms en na-opkoms onkruidodders

Maak seker dat jou beplanning in ag neem watter onkruidodders van toepassing is in normale bewerkingstelsels voor plant of voor-opkoms en watter gebruik sal word vir bespuiting van onkruid wat ontwikkel nadat die gewas opgekom het. Spuit altyd die mielies wanneer dit by 'n optimum stadium van ontwikkeling is vir die onkruidodder wat toegedien word.

Indien jy 'n minimum bewerkingstelsel van produksie en geneties gemodifiseerde saad gekies het, gebruik die korrekte onkruidodder soos glifosaat voor en na plant. Koördineer altyd jou oesbeplanning met beide jou saadverskaffer en konsultant en chemiese verskaffer en konsultant, sodat die korrekte produkte effektief gebruik word.

## Gevolgtrekking

Indien jy die verskil verstaan tussen imidasoliënoon bestande of glifosaat bestande mieliekultivars en hulle bestuur, doen navorsing sodat jy jouself kan bemagtig om die regte besluite te maak. Dit is nie meer 'n eenvoudige taak nie.

Artikel verskaf deur 'n afgetrede boer.





# Nuwejaarsboodskap SIEN UIT NA 2015

Ons gaan 2015 in met baie gemengde gevoelens. Na aanleiding van die uitstekende reënseisoen wat ons gehad het in 2014, het ons almal gedroom oor 'n nuwe seisoen met baie reën, maar ook oor hulp van die Regering en die finansiële sektor om die uitstekende landboustoestande te benut. Ons boere se geduld is besig om op te raak. Die personeel wat wag op die goedkeuring van gewasfinansiering vir ons lede, raak moedeloos as gevolg van die stadige vordering van die saak. Ons gesoute leiers kyk op na die hemel vir wysheid en inspirasie om nuwe hoeke te vind om hierdie probleem aan te pak.

Ons was nog nie in staat om 'n stelsel te verseker waarvolgens boere wat staatsgrond en/of kommunale grond bewerk, gewasfinansiering kan bekom nie. Ons moet nog 'n probleem oorkom en dit is die besluit deur die internasionale onderskrywers wat besluit het om die aantal hektaar wat hulle bereid is om te verseker van Suid-Afrikaanse kommersiële boere in die Noordwes-provinsie, te verlaag. Sommige boere is gewasfinansiering geweier omdat hulle nie oesversekering kon kry nie. Dit is nog erger vir ons nuwe kommersiële en ontwikkelende boere.

Ek probeer nie om jou te ontmoedig vir 2015 nie, maar ek moet die uitdagings wat die graansektor in die gesig staar in die komende jaar, uitlig. Ons moet hande vat, hard werk en deursettingsvermoë hê. Dit is die unieke eienskappe van boere soos ek hulle leer ken het oor baie jare. Ons sal nie moed opgee nie. Ek kan nie dink aan enigiemand wat verwag het dat ons so baie sal moet sukkel nie, gesien in die lig van die groot belang van voedselsekureit.

2015 sal ook 'n waterskeiding wees om die Nasionale Ontwikkelingsplan vir grondhervorming te implementeer. Die geduld van boere is besig om op te raak en dit is tyd vir georganiseerde landbou om op te staan en te begin om daad by die woord te voeg. Graan SA is gereed om ons lys van voorgestelde begunstigdes in te dien. Ons het die regering bewusgemaak van die feit dat al die begunstigdes bona fide

boere moet wees wat bewese rekords van opleiding het, toegewyde lede van studiegroepe is en die tegnologie wat hulle geleer het, toepas.

Die sukses van grondhervorming hang af van die gekose begunstigdes en Graan SA sal sy uiterste bes doen om te verseker dat hierdie beginsels toegepas word. 2015 sal ook 'n jaar wees waarin Graan SA 'n goed ontwikkelde plan vir graanboerontwikkeling moet verseker vir die volgende vyf jaar. Ons moet opnuut kyk na die behoeftes van ons lede, ons personeelstruktuur dien-ooreenkomstig en veilige befondsing, om hierdie proses met nuwe energie aan die gang te hou.

**“ Ek sien uit na 2015 as 'n jaar waarin ons die groot uitdagings voor ons sal oorkom. Met 'n paar van die groot boustene nog uitstaande, soos grondhervorming, oesfinansiering en oesversekering, vind ek dit moeilik om jou 'n groot oes in 2015 toe te wens. ”**

Die span wat na ons boere omsien, is goed toegerus en gereed om saam te werk met die instellings wat gereed is om hulle te help om die berg te klim. Ons moet slimmer werk om die Regering as 'n vennoot in te kry en die Grondhervormingvoorstelle op 'n volhoubare manier te implementeer om aan ons verantwoordelikheid te voldoen om voedsel aan ons nasie te lewer.



Jannie de Villiers.

Ek sien uit na 2015 as 'n jaar waarin ons die groot uitdagings voor ons sal oorkom. Met 'n paar van die groot boustene nog uitstaande, soos grondhervorming, oesfinansiering en oesversekering, vind ek dit moeilik om jou 'n groot oes in 2015 toe te wens, maar indien hierdie boustene in plek gestel kan word in 2015, sien ons uit na baie oeste vorentoe.

Ons sal saam met jou droom dat 2015 'n jaar gaan wees waarin ons gaan oorkom! Kom ons werk hard om 'n behoorlike toekoms vir ons kinders en kleinkinders te verseker in hierdie wonderlike land van ons.

Voorspoedige nuwe jaar! 🍀

**Artikel verskaf deur Jannie de Villiers, Uitvoerende Hoofbestuurder van Graan SA. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na [jannie@grainsa.co.za](mailto:jannie@grainsa.co.za).**

# KANOLA

## – lesse wat hierdie seisoen geleer is

**D**ie kanola-seisoen begin met uitstekende omstandighede wat gelei het tot 'n baie goeie oes. Tot en met oestyd het alles gelyk of dit reg is vir 'n goeie oes. Toe die stroopers egter begin stroop, het ons besef dat die opbrengs nie was wat ons verwag het nie, selfs al het die oes perfek gegroei deur die hele seisoen, het die peule nie ontwikkel soos verwag is nie.

Daar is 'n paar lesse te leer uit die 2014 oes, wat die volgende insluit:

### **Strenger kanola rotasies sal meer aandag aan detail vereis**

Met rekordaanplantings sal rotasies toeneem met meer kanola naby aanmekaar en minder jare met geen kanola op dieselfde land nie. Daarmee kom meer siektes, byvoorbeeld Sclerotinia en Blackleg. Hierdie jaar was veral geneig tot meer Sclerotinia met perfekte toestande vir die ontwikkeling van die siekte. Met 'n tydige swamodertoediening kon die siekte se uitwerking geminimaliseer word. Soos meer en meer kanola verbou word, verbeter kennis van die siektes van kanola en moet nog steeds verbeter om 'n elke jaar 'n gesonde oes te verseker.

### **Moenie jou saad tel voordat die oes in is nie**

By landbou en nie net by kanola nie, is dit belangrik om te besef en in gedagte te hou dat Moeder Natuur die laaste sê het. Wat lyk soos 'n uitstekende oes, blyk 'n gemiddelde oes te wees. Die vernaamste rede volgens my is hoër temperature gedurende die blomtydperk, wat gelei het tot minder sytakke en minder peule. Vog was in die meeste gevalle volop. Sommige boere het egter steeds uitstekende opbrengste van 2 ton/ha behaal.

### **Moenie al jou saad in een mandjie plaas nie**

Die impak van roterende gewasse in die koringproduksie gebiede is lof toegeswaai tydens baie geleenthede en die 2014 oes het dit bevestig. Terwyl die 2014 kanola oes nie die beste was nie, het koring en gars opbrengste in die Overberg daarvoor opgemaak. Met goeie rotasie is die produksierisiko laer vir 'n totale misoes of teleurstelling. Dit is ook opvallend dat die koring op kanolastoppels minder geneig is om vrotpootjie te kry, hoofsaaklik as gevolg

van die bio-berokingseffek van kanola, asook beter onkruidbeheer tydens die kanola fase.

### **Tydsberekening van die kanola oes is van kardinale belang**

Die platsny van Kanola moet gedoen word wanneer 50% tot 60% saadverkleuring plaasgevind het. Indien jy dit te vroeg platslaan, (by ongeveer 45%) kan dit lei tot oesverliese van tot 200 kg/ha. Die beplanning van jou kultivars en plantdatum is belangrik en met hierdie beplanning kan die venstertydperk vir platslaan verleng word deur die gebruik van korter en langer groeiende kultivars in samewerking met verskillende plantdatums. Dieselfde beginsel geld vir die chemiese gebruik van onkruidodders.

Ten spyte daarvan dat die opbrengs van die 2014 oes laer was as wat verwag is (1,4 ton/ha teenoor 1,6 ton/ha wat verwag is), is boere positief teenoor Kanola as 'n gewas en die voordele wat dit bring in 'n wisselboustelsel. 🌱

**Artikel verskaf deur Franco le Roux, Landbouhulpbron Bestuurder by SOILL. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na franco@soill.co.za.**

**Plantstam met Sclerotinia.**



**Kanola kom op deur dik stoppels.**







# Die belangrikheid van sonneblomproduksie

**S**onneblom is die derde grootste graangewas wat in Suid-Afrika verbou word en is 'n hoogs waardevolle kommoditeit vir die verbruikersmark. Sonneblom word hoofsaaklik gebruik vir die vervaardiging van sonneblomolie vir menslike gebruik en oliekoek vir voer. Suid-Afrika produseer sowat 700 000 ton sonneblom per jaar, wat slegs sowat 3% van die globale produksie is. Dit neem egter nie die belangrikheid van hierdie gewas vir die plaaslike mark weg nie.

Sonneblom kan vir die boer 'n baie nuttige gewas wees, want dit kan later geplant word as mielies. Daarom, in jare waarin die reën te laat kom om mielies te plant, kan 'n suksesvolle sonneblomoes nog steeds geproduseer word. Sonneblom is ook goed aangepas vir beide warm en droë klimaatstoestande, wat die grootste deel van Suid-Afrika se oesstreek uitmaak. Indien dit korrek verbou en versorg word deur die groeisiklus, kan sonneblom ook baie hoë opbrengste lewer en winsgewend wees indien die markprys goed is.

Ten einde goeie opbrengste te behaal, moet die boer goed na sy oes kyk. Dit beteken korrekte chemiese onkruid- en plaagbeheer, asook goeie bemesting. Sonneblom presteer ook goed wanneer daar goeie bestuwing is. Om seker te maak dat dit behaal word, sal baie boere byekorwe in hul lande huur, wat verseker dat hul oes goed bestuif word.

## Bemesting en grondvereistes van sonneblom

- Voor die aanplant van 'n sonneblomoes moet die boer grondmonsters van die lande neem om die voedingswaarde van die grond te bepaal. Effektiewe regstellings moet voor plant gemaak word volgens grondontledings wat deur die laboratorium gedoen word.
- Tydens planttyd moet die grond skoon en goed bewerk wees. Hoe fyner die saadbed, hoe beter is die sonneblom saailinge se kans vir oorlewing.
- Dien stikstof deurentyd toe soos dit benodig word, dit is egter belangrik om nie te veel stikstof tydens die groeitydperk toe te dien nie, omdat dit kan lei tot verminderde olie-inhoud in die saad en ook laat blom.
- Te veel bemesting kan ook lei tot die agteruitgang van die grond en oppervlakwater gehalte, wat nie 'n positiewe invloed op die oesopbrengs sal hê nie.
- Sonneblom saailinge is baie sensitief vir

kunsmis, daarom is dit belangrik dat die tydsberekening van toediening reg is.

- Kunsmistoediening vir regstelling moet 'n paar weke voor plant gedoen word, om dit 'n kans te gee om op te los en te meng met die ondergrondlaag.
- Tydens planttyd moet die kunsmismengsel 'n geskikte afstand weg van die saad toegedien word (5 cm onder en 5 cm aan die kant van die saad is 'n goeie reël). Dit sal verhoed dat dit brand.
- Topbemesting moet gedoen word sodra die saailinge groter as 'n voet is. Op hierdie stadium sal hulle sterker wees en sal hulle in staat wees om kunsmistoediening te verdra.
- Suid-Afrika se grond is geneig om 'n tekort aan boor te hê; dit is die rede waarom sonneblom baie goed reageer met 'n boor toediening of 'n topbemesting met 'n kunsmismengsel wat boor bevat. Dit word gedoen net voor blom vir die beste resultate.

Dit is vir boere baie belangrik om te verstaan dat sonneblom wel goed reageer op bemesting. Voorheen is vermoed dat sonneblom nie te veel kunsmis nodig het nie. Maar die feit is dat goeie bemesting nodig is om 'n opbrengs van 2 ton per hektaar plus te behaal, veral as 'n topbemesting sodra die plante sterk begin groei. Dit is gewoonlik wanneer hulle 'n voet hoog is, of op die drieblaar stadium, soos voorheen bespreek is. Bemesting op hierdie stadium sal help om kopgrootte te vergroot en daarom die aantal pitte, wat bydra tot hoër opbrengs.

Daar is 'n aansienlike mark in Suid-Afrika vir groter volumes in sonneblomverbouing. Die oliepers in die land is heelwat onder hul potensiaalkapasiteit. Daarom kan daar potensiële ekonomiese groei wees indien die gewas geproduseer word deur ons land se boere. 🍷

**Artikel verskaf deur Gavin Mathews, Baccalaureus in Omgewingsbestuur. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na [gavmat@gmail.com](mailto:gavmat@gmail.com).**



# Voorkoming en beheer van sojaboonroes

**S**ojaboon oesopbrengs word geraak deur verskeie siektes. Onder hulle is bakteriële roes, donsskimmel, Cercosporaroes, bruinvlek, blaarvlek en meer onlangs, sojaboonroes.

Soos uit bostaande gesien kan word, moet boere hulself toerus met kennis van die simptome van elk en die verskille tussen hulle. Raadpleeg die publikasies wat deur die Landbounavorsingsraad versprei word, die spesialisite wat huidige navorsing doen in hierdie veld en baie internet bronne wat gedetailleerde verduidelikings van die verskille tussen die verskillende siektes bespreek. Die korrekte identifisering is van kritieke belang om in staat te wees om die regte beheermaatreëls toe te pas.

Sommige van die swaminfeksies is nie kommersieel belangrik nie en ander soos sojaboonroes vereis vroeë identifikasie en beheer. Sojaboonroes kan tot 80% aan gewasverliese veroorsaak en het dus 'n beduidende produksierisiko.

*Sojaboonroes simptome word meestal gesien op die blare en begin gewoonlik op die blare in die laer blaredak. Letsels kan ook ontwikkel op blaarstele, peule en stingels.*

## Sojaboonroes

Daar word ook na sojaboonroes verwys as Asiatische sojaboonroes en word veroorsaak deur die patogeen wat die Latynse naam *Phakopsora pachyrhiza* het. Dit is 'n baie aggressiewe patogeen wat versprei het van die vasteland Asië na Afrika, Suid-Amerika en die Verenigde State van Amerika. Die spore van die patogeen word versprei deur groot weerstelsels wat beweeg van een kontinent na die ander.

Opbrengsverliese kan wissel van tussen 10% en 80% van die potensiële sojaboones.

## Siektesimptome

Sojaboonroes simptome word meestal gesien op die blare en begin gewoonlik op die blare in die laer blaredak. Letsels kan ook ontwikkel op blaarstele, peule en stingels. Simptome ontwikkel vinnig wanneer die plant begin blom en kan lei tot groot blaarverlies onder hoë temperature en nat toestande.

Letsels verskyn eerstens as baie klein geel en oneweredige vlekke. Soos die siekte vorder, vergroot die letsels tot tussen 1,5 mm tot 2,0 mm in deursnee met 'n bruin tot donkerrooi bruin kleur. Binne elke letsel is 'n paar vulkaanagtige spore wat strukture wat uredinia genoem word, produseer. Wanneer die intensiteit van die roes verhoog, verloor die plante blare voordat hulle moet en word vroeër as normaal volwasse. Letsels van sojaboonroes kan lyk soos ander blaarsiektes wanneer hulle

verskyn en kan met bruinvlek of bakteriële infeksie verwar word.

Wanneer jy letsels in jou oes vind, is dit noodsaaklik om 'n kenner op die gebied te raadpleeg. Die maatskappy wat swamdoders verskaf, sal foto's hê van die verskillende infeksies wat gevind word en kan verwys word na 'n kundige om die patogeen akkuraat te identifiseer.

## Gunstige omgewingstoestande

Sojaboonroes ontwikkeling word aangehelp deur temperature wat wissel van 12°C tot 29°C met die optimum tussen 18°C en 28°C, saam met 'n relatiewe humiditeit hoër as 90% vir meer as 12 uur. Boere wat hierdie toestande op hulle plase kan ervaar, moet veral op die uitkyk wees vir die siekte in hul sojabone. Vir spore om te ontkiem en plante te besmet, is ses uur van deurlopende nat blare nodig. Hierdie toestande kan maklik voorkom in die warmer produksiegebiede, tesame met besproeiing en lang reënperiodes.

## Bestuur en beheer

Die proses van identifisering van geneties bestande kultivars duur voort, maar was nog nie baie suksesvol of blywend nie. Die plantdatum en die volwassenheidsklas van kultivars wat geplant is, kan gebruik word as 'n strategie om spesifieke klimaatstoestande te vermy.

## Pula Imvula se Aanhaling van die Maand

*“Most “impossible” goals can be met simply by breaking them down into bite size chunks, writing them down, believing them, and then going full speed ahead as if they were routine.”*

~ Don Lancaster





“*Die vroeë opsporing van sojaboonroes in jou land is werklik die enigste stap om jou gewas gou genoeg te spuit om dit van groot skade en opbrengsverlies te red.*”

Gebruik van swamdoders wat op die blare toegedien word, is van kritieke belang vir doeltreffende beheer wanneer die siekte gesien word in 'n sojaboonoes van die vroeë voortplantingstadiums

regdeur tot die volle saadstadiums. Dit is baie belangrik om die korrekte swamdoders toe te dien voordat meer as 10% van die blare besmet is.

Wisselbou is nie so belangrik as kontrolemaatreëls vir sojaboonroes as vir die beheer van bruinvlek, Cercospora roes of blaarvlek nie.

**Swamdoders**

Verskillende klasse swamdoders kan gebruik word om infeksie te beheer en dit sluit chloronitriëls, strobilurien, triasole en kombinasies van strobilurien en triasole in. 'n Chemikalieë deskundige met praktiese ervaring moet geraadpleeg

word sodat die korrekte toediening gebruik word onder die omstandighede in jou sojaboonlande.

**Gevolgtrekking**

Die vroeë opsporing van sojaboonroes in jou land is werklik die enigste stap om jou gewas gou genoeg te spuit om dit van groot skade en opbrengsverlies te red.

*Artikel verskaf deur 'n afgetrede boer.*

'n Gesonde sojaboon-oes.



# Verseker finansiële welstand

**D**ie reis na 'n emosioneel gesonder jy sluit in dat jy moet bepaal of jou finansiële situasie onnodige spanning en ongemak skep. Finansiële probleme word dikwels veroorsaak deur geld te spandeer sonder om te dink.

Twee van die belangrikste redes waarom mense geld spandeer sonder om te dink, sluit onmiddellike vergoeding en die gebrek aan of beperkte finansiële vaardighede in.

**Onmiddellike finansiële vergoeding** verwys na die finansiële aksies wat ons neem omdat ons dink: "Ek wil dit NOU hê"; "Ek wil nie wag voordat ek dit koop nie, dit is 'n winskoop!"; "Ek werk so hard, ek verdien om vir myself/my geliefdes iets mooi te koop", ensovoorts. Hierdie tipe denke lei tot onbeplande en onverwagte finansiële uitgawes.

Dit is belangrik om te leer hoe om verwagtinge, of die druk waaraan mense blootgestel word wanneer geld spandeer word te hanteer en die verskil te ken tussen behoeftes en begeertes.

Kos en skuiling is iets waarvan ons afhanklik is en nie sonder kan leef nie; Dit staan bekend as **BEHOEFTES**. Die dinge wat nie noodsaaklik vir ons bestaan is nie, soos 'n nuwe motor of 'n TV, of wat ons vermaaklik vind, soos die bywoning van 'n partytjie, word na verwys as **BEGEERTES**.

Ander mense beïnvloed ons, wat lei na die wyse waarop ons geneig is om ons geld te spandeer. Leer om die verwagtinge en onnodige druk van vriende en geliefdes te hanteer in jou besluit hoe om dinge te koop.

Nog 'n rede waarom mense geld spandeer sonder om te dink, is omdat hulle nie die finansiële vaardighede het nie, (hulle weet nie hoe om met geld te werk nie), wat lei tot finansiële verlies of slegte skuld. Die verkryging van finansiële vaardighede sal jou leer hoe om beheer van jou hard verdienende finansies te neem.

Wanneer mense geld spandeer sonder om te dink, lei dit dikwels tot oorverbintenis, soos **buitensporige rekeninge en uitstaande uitgawes**. Dit is 'n groot finansiële uitdaging en las.

Laat ons dus kyk na die redes wat lei tot finansiële beperkinge en wat ons daaraan kan doen.

- **Beperkte selfbeheersing/dissipline:** Wees versigtig; moet nie geld spandeer wat jy nie het nie. Dit is een van die vernaamste redes vir buitensporige rekeninge en uitstaande uitgawes. Dit is moontlik om selfbeheersing en dissipline in te stel. 'n Gebrek daaraan sal beslis lei tot onbetaalde uitgawes as gevolg van oorverbintenis van verskeie rekeninge. Te veel skuld sal jou uiteindelik in die moeilikheid laat beland. Wanneer jy skuld, is en sal jy verantwoordelik wees vir die skuld, ongeag.
- **Maklike toegang tot krediet** lei dikwels tot buitensporige rekeninge en uitstaande uitgawes. Krediet word oral en enige plek aangebied en dit lyk soos 'n aantreklike oplossing vir jou finansiële probleme. Kredietverskaffers (banke/winkels/mikro-leners) versuim om jou bestaande verpligtinge te oorweeg. Jy mag dalk reeds oorverbind en buite perke in terme van jou skuld wees, maar ongeag daarvan sal jy voorsien word van bykomende krediet, te danke aan jou aantreklike rekord en betalingsgewoontes in die verlede.

## Die vreugdes en gevare van skuld

Baie mense kies om skuld aan te wend as 'n verskoning of metode vir die maak groot buitensporige aankope wat hulle nie onder normale omstandighede sou kon bekostig nie. Wees versigtig met die besluit om geld te leen: oorweeg die volgende:

- **Die goeie**  
Goeie skuld is wanneer jy geld leen om dinge te koop wat in waarde sal toeneem. Om geld te leen om 'n huis te koop, is 'n voorbeeld van goeie skuld. Goeie skuld laat jou toe om dinge van waarde te koop wat later weer verkoop kan word.
- **Die slegte**  
Slegte skuld is wanneer jy geld spandeer om dinge wat sal deprimeer/afneem in waarde te koop, byvoorbeeld 'n TV, klere, meubels of selfone. Indien jy in die moeilikheid is, sal jy

gewoonlik nie in staat wees om die artikel te verkoop teen dieselfde prys as die aankoopprys nie. Wanneer jy iets op krediet oor 'n tydperk koop, sal dit jou meer kos as wat dit is werklik werd is. Wat jy nie besef nie, is dat wanneer jy die rente en administratiewe fooie bytel en jy betaal dit af oor 'n lang tydperk, sal jy uiteindelik selfs meer terugbetaal! Dit bring my by die lelike kant van skuld...

### • Die lelike

Verskuilde koste is die lelike kant van skuld. Rente en administratiewe fooie is ingesluit in die bedrag wat jy moet betaal, bo en behalwe die bedrag wat jy geleen het. Bereken, dink en wees versigtig. Vra jouself af of jy dit kan bekostig oor die langtermyn? Maak seker dat jy weet hoeveel rente jy sal moet betaal en vir hoe lank. Vra iemand met finansiële kennis om jou te help.

### Die onvermoë om jou skuld te betaal mag lei tot:

- **Regsprobleme**
- **Familie en verhoudingsprobleme** – skuld kan lei tot stres vir jou, jou familie en vriende. Dit kan lei tot konflik en kan 'n negatiewe uitwerking op jou verhoudings hê.
- **Emosionele probleme** – langtermyn stres en konflik in jou lewe kan emosionele probleme soos depressie veroorsaak (die hele tyd hartseer en ongelukkig voel) en selfs selfmoordneigings vestig.
- **Gesondheidsprobleme** – slapelose nagte en konstante stres kan lei tot talle siektes, soos maagsere, nek en rugpyne en selfs hartaanvalle.

### Hoe om uit die skuld te kom

- **Verstaan jouself en jou situasie;**
- **Besluit om beheer te neem;**
- **Breek slegte gewoontes;**
- **Soek finansiële hulp/bystand** van professionele mense in die finansiële veld;
- **Leef verantwoordelik** (begroting, hersiening, verminder, spaar en betaal jou skuld); en
- **Bly positief** – jy kan en sal finansiële onafhanklik word.

*"Indien jy arm gebore is, is dit nie jou fout nie. Maar as jy arm sterf, is dit jou fout."* Bill Gates

**Bronne:** Procure Money Management Workbook, 2014; [www.ncr.org.za](http://www.ncr.org.za); [www.wikihow.com](http://www.wikihow.com).

Artikel verskaf deur Petra Nel van PROCARE. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na [petra@procare.co.za](mailto:petra@procare.co.za) of kontak PROCARE by 0861 7762273 of 021 873 0532.



# Graan SA gesels met...

## David Nonso

In die Maclear distrik in die Oos-Kaap sal jy vir David Kolekile Nonso kry, wat boer op Carlsbad met mielies, droëbone en aartappels. David sien 'n blink toekoms in boerdery en streef daarna om 'n kommersiële boer te word binne die volgende vyf jaar.

### Waar en op hoeveel hektaar boer jy? Waarmee boer jy?

Ek boer met mielies, droëbone en aartappels op 428 ha grond, waarvan 125 ha droëland is en die res weiding by Carlsbad plaas. Gedurende die 2013 plantseisoen, het ek 10 hektaar grond aangeplant en my opbrengs was 6 ton/ha. Ongelukkig kon ek nie bone plant nie as gevolg van die skaarste van saad vanaf die verskaffers. Ek boer ook met beeste, perde, bokke, skape en hoenders.

### Wat motiveer/inspireer jou?

Ek is gebore en getoë deur ouers wat kommunale boere in die Balasi administratiewe gebied in die distrik Qumbu was. Hulle was heeltemal afhanklik van die verkope van die gewasse wat tuis geproduseer is, sowel as die verkope van lewendehawe (varke en hoenders). Hul boerdery leefstyl het my gemotiveer om die boer te word wat ek vandag is. Die inkomste wat ek uit boerdery verdien, het my in staat gestel om tersiële onderwys vir al my kinders te finansier.

### Beskryf jou sterk- en swakpunte

**Sterkpunte:** Eerstens het ek my boerderyvaardighede op 'n informele wyse van my ouers en bure wat geboer het, gekry. Die Departement van Landbou het my ook gehelp deur die verskaffing van kort kursusse oor boerderybedrywighede. Ek het ook 'n lid van 'n Graan SA Studiegroep geword, waar ek kort boerderykursusse soos, Inleiding tot Mielieproduksie,

Plaasbestuur, Evaluering en Beplanning, Trekkerinstandhouding en Instel van Implemente voltooi het. As 'n vakman in meganiese ingenieurswese, help ek die boere met herstelwerk en instandhouding van hul trekkers, landboumasjienerie en implemente.

**Swakhede:** Die grond waarop ek boer is naby landelike gebiede en omdat die terrein nie omhein is nie, is daar baie rondloperdiere. Boerdery infrastruktuur soos silo's, skure, beeste en skaaphanteringsfasiliteite, trekkers en implemente is nie beskikbaar nie. Finansiële instellings is huiwerig om my te finansier en dit hou verband met mislukking. Ek het by verskeie geleenthede aansoek gedoen vir hulp van die regering en is nog nie gehelp nie. My twee spuittrekkers (1983 modelle) is nie in 'n werkende toestand nie, omdat onderdele nie in Suid-Afrika beskikbaar is nie.

### Wat was jou opbrengs toe jy begin boer het? Wat is jou onderskeie opbrengste nou?

My opbrengs in 2005 was baie goed in terme van kwaliteit, maar ek kon nie die opbrengs bepaal nie, as gevolg van die baie rondloperdiere wat my mielies vernietig het. Vir 'n aantal jare daarna was die opbrengs ver onder 2 ton/ha, omdat my grond nie getoets en ontleed was nie. Gedurende die 2013/2014 seisoen was my opbrengs 6 ton/ha.

### Wat dink jy was die grootste bydraer tot jou vordering en sukses?

As gevolg van die raad wat ek die afgelope tyd ontvang het, sowel as die boerderyvaardighede wat ek van Graan SA verkry het, voorspel ek 'n blink toekoms vir my boerdery. Ek het geleer dat die grond getoets en ontleed moet word om in staat te wees om goeie gehalte en

beter opbrengs te behaal. Hierdie raad het gelei tot 'n verbetering in my opbrengs.

### Watter opleiding het jy tot op datum ontvang en watter opleiding sal jy graag nog wil doen?

Ek het die volgende kursusse voltooi: Inleiding tot Mielieproduksie; Plaasadministrasie; Evaluering en Beplanning; Trekkerinstandhouding en Instel van Implemente; Roovleisproduksie; Dieresiektes en Versorging van Lewendehawe en Plaasboekhou. Ek sal enige opleiding in verband met boerdery waardeer.

### Waar sien jy jousef oor vyf jaar? Wat sal jy graag wil bereik?

Oor vyf jaar wil ek graag opgradeer van 'n opkomende boer na dié van 'n kommersiële boer. Sedert 2004, toe ek begin boer het, het ek my doelwitte gestel op 'n suksesvolle boer. Ek weet nou dat dit moontlik is en hopelik kan ek binne vyf jaar 10 ton/ha lewer.

### Watter raad het jy vir jong aspirantboere?

Die jeug het 'n persepsie dat plaaswerk intensief is en dat jy altyd vuil is en is dus huiwerig om landbou te bestudeer. Boerdery is 'n voltydse werk wat jou fisies, verstandelik en op ander maniere aktief hou op 'n daaglikse basis. Dit benodig toewyding, passie, deursettingsvermoë en die begeerte om te wil leer. Boerdery lei tot werkskepping en dra grootliks by tot 'n beter toekoms vir die land.

**Artikel verskaf deur Johan Kriel, Ontwikkelingskoördineerder van die Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na [johan@grainsa.co.za](mailto:johan@grainsa.co.za).**

### Redaksie

#### GRAAN SA: BLOEMFONTEIN

Suite 3, Privaatsak X11, Brandhof, 9324  
Collinsstraat 7, Arboretum

Bloemfontein

► 08600 47246 ◀

► Faks: 051 430 7574 ◀ www.grainsa.co.za

#### HOOFREDAKTEUR

**Jane McPherson**

► 082 854 7171 ◀ jane@grainsa.co.za

#### REDAKTEUR & VERSPREIDING

**Liana Stroebel**

► 084 264 1422 ◀ liana@grainsa.co.za

#### ONTWERP, UITLEG EN DRUK

**Infoworks**

► 018 468 2716 ◀ www.infoworks.biz



#### PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:

**Afrikaans,**

Engels, Tswana, Sesotho,

Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

#### Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere

#### ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERders

**Danie van den Berg**

Vrystaat (Bloemfontein)

► 071 675 5497 ◀ danie@grainsa.co.za

**Johan Kriel**

Vrystaat (Ladybrand)

► 079 497 4294 ◀ johank@grainsa.co.za

► Kantoor: 051 924 1099 ◀ Dimakatso Nyambose

**Jerry Mthomboti**

Mpumalanga (Nelspruit)

► 084 604 0549 ◀ jerry@grainsa.co.za

► Kantoor: 013 755 4575 ◀ Nonhlanhla Sithole

**Naas Gouws**

Mpumalanga (Belfast)

► 072 736 7219 ◀ naas@grainsa.co.za

**Jurie Mentz**

KwaZulu-Natal (Vryheid)

► 082 354 5749 ◀ jurie@grainsa.co.za

► Kantoor: 034 980 1455 ◀ Sydwell Nkosi

**Ian Househam**

Oos-Kaap (Kokstad)

► 078 791 1004 ◀ ian@grainsa.co.za

► Kantoor: 039 727 5749 ◀ Luthando Diko

**Lawrence Luthango**

Oos-Kaap (Mthatha)

► 076 674 0915 ◀ lawrence@grainsa.co.za

► Kantoor: 047 531 0619 ◀ Cwayita Mpotyi

**Liana Stroebel**

Wes-Kaap (Paarl)

► 084 264 1422 ◀ liana@grainsa.co.za

► Kantoor: 012 816 8057 ◀ Melercia Kotze

**Du Toit van der Westhuizen**

Noordwes (Lichtenburg)

► 082 877 6749 ◀ dutoit@grainsa.co.za

► Kantoor: 012 816 8038 ◀ Lebo Mogatlanyane

**Vusi Ngesi**

Eastern Cape (Maclear)

► 079 034 4843 ◀ vusi@grainsa.co.za

► Kantoor: 012 816 8070 ◀ Sally Constable

## Verstaan jy WVF?

Die werkgewer/werknemer verhouding in Suid-Afrika word beïnvloed deur twaalf wette waarvan die Werkloosheidsversekeringswet No. 63 van 2001 maar een is.

Die doel van hierdie Wet is om 'n Werkloosheidsversekeringsfonds te stig waartoe werkgewers en werknemers bydra en waarvan werknemers wat werkloos is, of hul begunstigdes soos dit mag wees, geregtig is op voordele om die negatiewe gevolge van werkloosheid te versag. Werkloosheidsvoordele mag vir werkloosheid, kraamvoordele, siektevoordele, aannemingsvoordele en afhanklikes se voordele geëis word. Daarom werk die fonds soos enige ander versekering – 'n groot aantal mense dra op 'n gereelde basis by tot die fonds, terwyl 'n kleiner aantal mense voordele uit die fonds eis wanneer 'n spesifieke behoefte ontstaan, in hierdie geval werkloosheid.

Hierdie Wet is van toepassing op **alle werkgewers en werknemers**, maar nie vir:

- Werkers wat **minder as 24 uur** per maand vir 'n werkgewer werk nie;
- **Leerders;**
- **Staatsamptenare;**
- **Buitelanders** wat kontrakwerk doen;
- Werkers wat maandelikse **pensioen kry (ouderdom)**; of
- Werkers wat **slegs kommissie verdien**.

Vir die doeleindes van die WV-Wet is enige persoon/instansie 'n werkgewer indien 'n ander persoon in diens van die persoon/instansie is en vergoed word en werk vir meer as 24 ure per kalendermaand.

Die Fonds bestaan hoofsaaklik uit die bydraes deur werkgewers en werknemers en deur die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID).

Elke werkgewer en elke werknemer op wie hierdie Wet van toepassing is, moet op 'n maandelikse basis bydra by tot die Werkloosheidsversekeringsfonds. Op die oomblik moet elke werknemer 1% van sy/haar maandelikse

besoldiging bydra en elke werkgewer moet ook 1% van daardie spesifieke werknemer se besoldiging bydra. Die maksimum bydrae is beperk tot R124,78, gebaseer op 'n maandelikse salaris van R12 478,00. Hierdie bydraes moet aan die Fonds betaal word binne sewe dae na die einde van 'n maand via die SAID. Verder moet 'n werkgewer 'n vorm, bekend as 'n UI-19 vorm, aan die einde van elke maand aan die Departement van Arbeid voorlê, wat die vergoeding aan alle werknemers (permanent en tydelik) vir die spesifieke maand aandui.

#### Die praktiese implikasies vir 'n werkgewer is:

- Elke werkgewer moet registreer by die Departement van Arbeid en SAID as 'n werkgewer.
- Aan die einde van elke maand moet alle bydraes deur werknemers en die werkgewer aan die SAID betaal word binne sewe dae na die einde van die maand.
- Handig 'n UI-19 vorm in, soos beskryf in die vorige paragraaf.
- Wanneer 'n werknemer werkloos raak en vir voordele kwalifiseer, moet die werkgewer die werknemer voorsien van 'n voorgeskrewe vorm wat die werknemer moet gebruik om te eis van die fonds.

#### Opsomming

Alles kan persoonlik of deur die internet (rekenaar) gedoen word indien die fasiliteite beskikbaar is, maar moet nie vinnige diens van die Departement van Arbeid verwag nie. Dit is baie belangrik om afskrifte van alle dokumente te hou. Gunsteling redes vir vertraagde dienslewering is: "Ons het nie jou vorm ontvang nie," of "Jou vorms het verlore geraak".

**Artikel verskaf deur Marius Greyling, Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na mariusg@mcgacc.co.za.**



HIERDIE PUBLIKASIE IS MOONTLIK GEMAAK DEUR DIE BYDRAE VAN DIE MELIETRUST